higher education & training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

NASIONALE SERTIFIKAAT (BEROEPSGERIG)

LANDBOUBESIGHEID
NKR VLAK 3

(1011033)

16 November 2022 (X-vraestel)
09:00–12:00

Hierdie vraestel bestaan uit 8 bladsye.

364Q1N2216

Kopiereg voorbehou

TYD: 3 UUR
PUNTE: 150

INSTRUKSIES EN INLIGTING

1. Beantwoord al die vrae.
2. Lees al die vrae aandagtig deur.
3. Nommer die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
4. Begin elke afdeling op ’n nuwe bladsy.
5. Gebruik slegs ’n swart of blou pen.
6. Skryf netjies en leesbaar.

Kopiereg voorbehou

AFDELING A

VRAAG 1

Verskeie opsies word gegee as moontlike antwoorde op die volgende vrae. Kies die antwoord en skryf slegs die letter (A–D) langs die vraagnommer (1.1–1.10) in die ANTWOORDBOEK.

1.1 Chemikalieë wat vervaardig word vir gebruik in landbou.

A Landbouverwerking
B Landbouchemikalieë
C Anorganies
D Organies

1.2 Watter tyd van die jaar word gewasse verbou of diere grootgemaak vir verkoop?

A Somer
B Produksieseisoen
C Oesseisoen
D Winter

1.3 Die vaste dinge op die plaas wat help dat dit behoorlik funksioneer.

A diere
B gewasse
C geboue
D infrastruktuur

1.4 ’n Belasting of tarief wat by ’n grens of hawe van binnekoms betaal word om toe te laat dat die kommoditeit daardie land ingaan.

A uitvoerbelasting
B deportering
C invoerbelasting
D produkte

1.5 Goedere en dienste wat by ’n ander land gekoop word.

A uitvoer
B kleinhandelaar
C belegger
D invoer

1.6 Vee-eenhede per vierkante kilometer:

A dravermoë
B teling
C bevoorradingstempo
D bevoorradingskapasiteit

Kopiereg voorbehou

1.7 Om ’n klein deel van ’n groter groep te gebruik om inligting oor die hele groep uit te vind.

A steekproef
B ondersoek
C data
D insameling

1.8 Verskillende lewende dinge wat in ’n omgewing voorkom:

A besigheid
B onderneming
C verkope
D biodiversiteit

1.9 Elektrisiteit, skoon water, sanitasie en vullisverwydering.

A verspreider
B basiese dienste
C diensverskaffer
D vereistes

1.10 Koste styg en daal afhangend van hoeveel verbou word.

A vaste koste
B kapitaal
C veranderlike koste
D ekwilibrium

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 2

Dui aan of die volgende stellings WAAR of ONWAAR is. Kies die antwoord en skryf slegs 'Waar' of 'Onwaar' langs die vraagnommer (2.1–2.5) in die ANTWOORDBOEK.

2.1 ’n Waterturbine kan as hidrouliese krag beskryf word.

2.2 Wanneer goedere aan ander lande verkoop word, word dit invoere genoem.

2.3 Bestaansboerdery produseer meer kos as kommersiële boerdery.

2.4 Kommersiële boer neem ’n risiko deur baie geld in hulle grootskaalse boerdery te belê.

2.5 ’n Pluimveeboer spandeer R20 om ’n hoender binne ses weke te produseer en verkoop dit vir R32. Dit beteken die gelykbreekpunt is R12.

2.6 Eiers word volgens hulle grootte gegradeer.

2.7 Vraag is hoeveel produkverbruikers bereid is om teen ’n gegewe prys te verkoop.

Kopiereg voorbehou

2.8 Krediet is ’n lening wat aangegaan word met die doel om eiendom te koop.

2.9 Gesondheid en veiligheid is belangrike kwessies waar elektrisiteit ter sprake is.

2.10 Die nasionale loterytrekking op televisie is ’n voorbeeld van ’n ewekansige steekproef.

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 3

Kies ’n term uit KOLOM B wat pas by ’n beskrywing in KOLOM A. Skryf slegs die letter (A–L) langs die vraagnommer (3.1–3.10) in die ANTWOORDBOEK.

KOLOM A		KOLOM B	
3.1	Die siklus wat gevolg word in die produksie of vervaardiging van goedere of produkte	A	monsterneming
3.2	Wanneer dit die moeite werd is om voort te gaan	B	begroting
3.3	Metode wat gebruik word om monsters van plae en siektes te neem	C	deskundige advies
3.4	Die algemene verhoging in die prys van goedere en dienste	D	diversifikasie
3.5	Om verskillende gewasse te verbou en ’n verskeidenheid diere aan te hou	E	inkomste uit gewasse
3.6	Geld wat ’n boer ontvang vir verkope van mielies	F	vaste koste
3.7	Die huurpaaiemente wat ’n boer vir sy besigheid betaal	G	likiditeit
3.8	Die persentasie van jou wins bó kapitale koste	H	opbrengs op belegging
3.9	Verkry inligting by ’n ervare boer oor winsgewende plantmetodes	I	inflasie
3.10	’n Plan oor hoe die plaas ’n inkomste sal genereer en die uitgawes wat aangegaan sal word	J	werkplan
		K	lewensvatbaar
		L	ondersoek

(10 × 1) **[10]**

VRAAG 4

Gee EEN woord/term vir elk van die volgende beskrywings deur ’n woord uit die lys hier onder te kies. Skryf SLEGS die woord/term langs die vraagnommer (4.1–4.10) in die ANTWOORDBOEK.

vraag; waarneming; stelselmatig; belegging; verslag; inkomste; handel; instandhouding; marknavorsing; gelykbreek

4.1 Om dinge te versorg om hulle in ’n goeie toestand te hou

4.2 ’n Geskrewe dokument wat beskryf wat gebeur het asook die bevindings

4.3 Geld verdien deur werk, verkope, ’n gebou te verhuur en rente uit beleggings

4.4 Om ’n vooraf beplande manier te hê om dinge te doen

4.5 Om die vordering van aktiwiteite op die plaas dop te hou en aantekeninge te maak

4.6 Om inligting oor ’n spesifieke gewas van plaaslike gemeenskappe te verkry

4.7 Geld wat gebruik word om ’n inkomste te genereer wat tot wins lei

4.8 Wanneer inkomste gelyk is aan die koste

4.9 Kommersiële ruiling van goedere en dienste

4.10 Hoeveel van ’n produk verbruikers bereid is om teen ’n sekere prys te koop

(10 × 1) **[10]**

TOTAAL AFDELING A: 40

AFDELING B

VRAAG 5

5.1 Gee ’n verduideliking van die woord of woord wat hier onder gegee word. Skryf die beskrywings langs die vraagnommer (5.1.1–5.1.10) in die ANTWOORDBOEK.

5.1.1 Bokoste

5.1.2 Patrone en tendense

5.1.3 Natuurlike kapitaal

5.1.4 Wins

5.1.5 Kapitaal

Kopiereg voorbehou

5.1.6 Uitkeerindeks (maturity index)

5.1.7 Eienaarskap

5.1.8 Direkte koste

5.1.9 Salarisse

5.1.10 Produksieseisoen

(10 × 2) (20)

5.2 Wat is die algemene plaasinstandhoudingstake? Gee VYF. (5)

5.3 Noem die wette waarvan die boer bewus moet wees. (4)

5.4 Bespreek DRIE belangrike gesondheids- en veiligheidskwessies op die plaas. (6)
[35]

VRAAG 6

6.1 Watter rekords en dokumente word benodig om ’n kontantvloeibegroting op te stel? (4)

6.2 Stel maniere voor hoe jy die netto kontantvloei kan verbeter as daar ’n tekort aan geld in die boerderybesigheid is. (7)

6.3 Noem en verduidelik kortliks DRIE belangrike areas wat aandag moet kry vir ’n landboubesigheid om volhoubaar te wees. (6)

6.4 Identifiseer DRIE verskillende vlakke wat tot sosiale volhoubaarheid lei en gee TWEE voorbeelde van elk. (9)

6.5 Beskryf kortliks hoe jy die volgende sal doen:

6.5.1 Verseker dat werktuie en gereedskap veilig gestoor word. (5)

6.5.2 Samel data oor plae en siekte op die plaas in vóór en ná aanplanting. (4)
[35]

TOTAAL AFDELING B: 70

Kopiereg voorbehou

AFDELING C

VRAAG 7

7.1 ’n Plaaslike boer ly die afgelope 2 jaar ’n verlies in sy besigheid; hy is onlangs deur ’n sakekonsultant aangeraai om sy veranderlike kostes te besnoei aangesien dit te hoog is as gevolg van vermorsing deur sy werkers. Die boer is egter nog onseker hoe om kostes te klassifiseer.

7.1.1 Definieer en gee TWEE voorbeelde vir elk van die volgende tipes uitgawes wat hier onder verskaf word sodat die boer ’n idee kan kry:

A Direkte kostes
B Indirekte kostes
C Vaste kostes
D Veranderlike kostes (12)

7.1.2 Verduidelik aan die boer hoe kostes die winsgewendheid van sy besigheid kan affekteer. (3)

7.1.3 Verduidelik aan die boer wat gelykbreek is. Gebruik grafieke en voorbeelde in jou verduideliking van hierdie konsep sodat die boer dit ten volle verstaan. (15)

7.2 Staaf waarom boere marknavorsing moet doen deur SES redes te verskaf. (6)

7.3 Noem VIER faktore wat ’n lening se terugbetalingstydperk beïnvloed. (4)
[40]

TOTAAL AFDELING C: 40
GROOTTOTAAL: 150

Kopiereg voorbehou